

19 Mei Johannes 14:1-4 en Lukas 2:1-7

(Teks: 14: 2b)

Die pleklose word ons plekmaker

Jesus het nie maar net op die troon gaan sit nie. Hy word ook deur Stéfanus gesien dat Hy aan die Regterhand van God staan (*Hand. 7:56*). Dit sien Stéfanus, die eerste Christen-martelaar en een van die eerste sewe diakens nadat hy die Evangelie kragtig aan die Joodse Raad verkondig het, en hulle soos een man op hom afgestorm het om hom met klippe dood te gooi.

Wanneer Jesus afskeid neem van die kerk hier op die aarde, kom Hy met hierdie baie vertroostende boodskap: *Ek gaan plekke gereed maak*. Hy bid die Vader daarvoor: "*Vader, Ek wil graag hê dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook by My moet wees (Joh. 17:24)*". Ons kry saam met die Here plek in die Vaderwoning. Vir ons is dit voordelig dat Jesus van die aarde en so van sy kerk op aarde af weggegaan het na die Vaderwoning sodat ons plekke daar gereed gemaak word.

Ons lewe hier op aarde is dié van 'n reisiger wat in die tente vernag; dit is baie verganklik. Wanneer ons tentwoning eenmaal hier op die aarde afgebreek word en ons van alle aardse besittings 'ontklee' staan, dan word ons oordek met die blywende woonplek wat Jesus Christus vir ons berei net (2 Kor. 4:16-5:10; Hebr. 11:13-16; 11:37-40).

Nou kry ons, die eintlike plekloses, ewig plek in die Vaderwoning.

Sing Skrifberyming 45:1 Ds. G du Plessis (Emeritus)